Saam skep ons 'n toekoms vir siggestremdes

IN FOCUS FOKUS

News from the Institute for the Blind

PO BOX 933, WORCESTER • TEL: 023 347 2745 • REGISTRATION: NPO 011-891 • JULY 2009

BANKBESONDERHEDE:
ABSA Worcester
Tjek Rek. Nr.
440-410-243
Takkode: 50-31-07

If you make a direct deposit, please fax the deposit slip to us at
Fax: 023 342 1169
E-pos: iftb@mweb.co.za
Webwerf:
www.blind-institute.org.za

Ontwerp en gedruk deur
BM Pionier Drukkery
023 342 6313

HY HOU ONS IN DIE HOLTE VAN SY HAND

Soos my gebruik is, stap ek weer so teen ongeveer tienuur na die terapeutiese afdeling waar die multigestremdes besig is om hartlik saam te sing. Om my hart is daar 'n beklemming oor die finansiële krisis waarin ons en ander welsynsorganisasies tans verkeer. Eintlik het ek nie nou 'n behoefte aan sing nie en doen ek dit maar net uit gewoonte. Maar wanneer ek instap, kan ek nie anders as om myself te verwonder aan die stralende gesiggies van jong seuns en meisies waarvan die meeste blind, doofblind en dikwels nog met addisionele gestremdhede is nie. Dan hoor ek die woorde van die liedjie wat hulle met oorgawe en in kinderlike geloof sing: *"Die Here hou my in die holte van Sy hand"*. En terwyl ek myself verwyt dat ek negatiewe gedagtes toegelaat het om my gemoed te vul, begin ek om saam met hulle hierdie belydenis te sing en die waarheid vas te maak dat Hy vir ons, die Instituut vir Blindes, in die holte van Sy hand bewaar. Dan hoor ek die stem van ou Nico wat vir my sê : Meneer, ek bid elke aand vir Meneer en vir die Instituut" en Alan vul aan " Meneer, ek bid dat die donasies sommer sal instroom". Dis dan wanneer ek besef – miskien moet ons weer leer wat dit beteken om soos kinders te word en te glo.

Last Sunday, June 21st, I had the privilege of preaching in the Dutch Reformed congregation of Volmoed in the Oudtshoorn area. The topic of my sermon was that "God never makes a mistake!". His light is often shining much brighter through the lives of those persons with disabilities than through us who regard ourselves as "normal". During the service I was privileged to listen to the testimony of **Willie Bester** who was born with his arm attached to his head, had 378 operations to separate it, was scarred for life and had a terrible childhood being abandoned by his mother because of his disability and abused by his alcoholic father. In 2006 Willie came to the Institute for the Blind and today is a shining witness of the transformational power of God's love. He quotes Psalm 139:

"For you created my inmost being,
You knit me together in my mother's womb.
I praise you because I am fearfully and wonderfully made;
Your works are wonderful, I know that full well".

That is why I am so grateful to all of you who through your generosity allow us to create a future for people like Willie.

Freddie Botha

'n Stralende Willie Bester

Freddie Botha tydens 'n besoek aan die multigestremde afdeling

Geborg deur Marina Seesout

Sponsored by Marina Sea Salt

DOOFBLIND SA STEL MUSIEKINSTRUMENTE AAN ONS BESKIKBAAR

Baie dankie aan mnr Philip Dobson van Doofblind SA vir die beskikbaarstelling van R100,000 se splinternuwe musiek instrumente aan die Instituut vir Blindes. Ons entoesiastiese en nou reeds beroemde orkes oefen tog te trots en spoggerig op hierdie instrumente!

Links na regs : Johan Heÿl (Bestuurder : Fondswerwing), Cathy Hugo (Fondswerwer), Philip Dobson (Uitvoerende Hoof : DBSA) mnr Freddie Botha (Uitvoerende Hoof : IvB)

David Geyer "listens" attentively while Kulk shares the tricks of the golf trade

SA DISABLED GOLF ASSOCIATION SUPPORT

SADGA has taken the wonderful initiative of setting up a First Swing Golf Programme for eight partially sighted adults at the Institute for the Blind. Mr Kulk Martinus – golf coach and SADGA member – trains these enthusiastic players once a week on the Institute for the Blind premises. A very exciting addition to this group is the deafblind David Geyer. David listens to Kulk by placing his fingers on Kulk's lips and throat to feel the speech vibrations and word formation on his lips. This is called the Tadoma Method of communication. During the Institute for the Blind Golf Day prize-giving 15 May, Eugene Vorster, Executive Director SADGA, donated 8 sets of golf clubs to the Institute for the Blind!

DANKIE GERT VIR DIE KAROO VLEIS!

Mnr Gert Barnard van Beaufort Wes skenk reeds die afgelope 3 jaar Karoo vleis aan die Instituut se mense! Hierdie jaar was ons bevoorreg om 4 bokse heerlike skaapvleis te ontvang! Twee bokse is uitgedeel aan die Instituut vir Blindes se volwasse afdeling en 'n boks elk is uitgedeel aan Huis Freesia (skoolkoshuis vir visueelgestremde leerders met addisionele gestremdhede) en Huis Mimosa (seunskoshuis). Heerlik om die minste te sê - baie dankie vir hierdie wonderlike geskenk!

Huis Freesia se blommetjies!

"Do not wait for extraordinary circumstances to do good action; try to use ordinary situations"

JP Richter

Geborg deur Marina Seesout • Sponsored by Marina Sea Salt

ABET CLASSES FOR VISUALLY IMPAIRED ADULTS

Our Pioneer Foods Training facility has achieved a wonderful accomplishment! Seventeen of our visually impaired adult students have been registered at the ABET (Adult Basic Education and Training) division of the Western Cape Education Department (WCED) in Worcester. This registration offers visually impaired adults the opportunity to receive ground phase, primary phase and high school education.

The partially sighted Marlene Rahn completing a section of her matric examination with the assistance of a text magnifier (The Merlin), under strict supervision of facilitator ms Muriel Arendse.

Freddie Botha (Hoof : Instituut vir Blindes) wens vir Ray geluk met sy prestasie.

MEDALJE VIR LOJALITEIT TEENOOR SKAAK

Die Boland-skaakunie het mnr Ray Auckett (regs) genomineer vir die kategorie Gestremde Sportman van 2007 en 2008. Ray, radio omroeper by Vallei FM en skakelbordbeampte by die Instituut vir Blindes het ook vroeër hierdie jaar tydens 'n sporttoekenningsgeleentheid van die Departement Sport en Kultuur 'n medalje gekry vir sy lojaliteit teenoor Skaak.

ABSA STIGTING SKENKING

ABSA Stigting het R100 000 geskenk aan die Pionierdrukkery vir uitbreiding in die kapasiteit van die brailleproduksie-afdeling. Die Pionierdrukkery beskik tans oor slegs een musiekbrailleskrywer en een taktiel grafiese ontwerper wat hulle die enigste verskaffers van braillemusiek en braillegrafika in die land maak. Weens die al groter wordende behoefte om hierdie braillemateriaal aan die ongeveer 30 siggestremde skole in SA te voorsien, sowel as aan blinde leerders in hoofstroom skole, het ABSA Stigting vanjaar goedgunstiglik R100 000 bewillig vir die projek, om sodoende op korttermyn rugsteun kapasiteit aan hierdie funksies te verskaf. Hiermee wys ABSA Stigting sy daadwerklike verbintenis tot sosiaal korporatiewe investering in skaars vaardigheidsvelde wat strek tot voordeel van siggestremde persone in SA.

Paul Golding (ABSA Stigting), Hennie Mentz (Skoolhoof : Pionierskool), Tanya van Eyssen (ABSA Worcester Takbestuurder), Schalk Hugo (Bestuurder : Pionierdrukkery) en Freddie Botha (Uitvoerende Hoof : IvB)

"The greatest good you can do for another is not just share your riches, but to reveal to him his own"

Benjamin Disraeli

ROTARY PIONEER RALLY

The Worcester Rotary Club has once again succeeded in arranging a very successful fundraising event for the benefit of the Pioneer School – The Pioneer Rally. Over 40 celebs with their blind navigators participated in this unique rally that stretched along a route from Cape Town to Worcester with only a Braille route map as navigation! The day concluded with a gala dinner at Kleinplasie in Worcester where the results were announced. The overall winners were Melanie Lowe (celeb) and André Steyn (blind navigator) – see photo. An unprecedented team effort from the celebs, blind navigators and of course the sponsors was the success recipe for this unforgettable day for all. Thank you to the Rotary Club for this wonderful initiative!

Freddie Botha loer op sy verjaarsdag in by Huis Ebenhaezer se multigestremde afdeling tot groot genot van die inwoners

ONS UITVOERENDE HOOF RAAK 60!

Groot was die opgewondenheid onder die personeel die dag toe die Instituut vir Blindes se geliefde Uitvoerende Hoof, Freddie Botha, 60 raak! Geskenkies, drukkies en handdrukke is in oorvloed aan hom uitgedeel deur die gestremde inwoners, en die visueelgestremde Wikus het onder luide toejuiging van die Admin personeel reeds vroegoggend vir hom in sy kantoor kom sing! Nogmaals baie geluk met hierdie groot mylpaal!

INSTITUTE FOR THE BLIND AND PIONEER SCHOOL GOLF DAY

The very successful 10th Institute for the Blind Golf Day was held on 15 May 2009. This is the 2nd year that this fundraising and awareness campaign was held in collaboration with the Pioneer School for the visually impaired. 172 players from the corporate sector participated in this popular event that has accommodated the likes of FW de Klerk, Toks van der Linde, Tiaan Strauss and the legendary Dawie de Villiers. An overwhelming, yet nerve-wrecking, experience for the players was on the 9th hole where each participant was asked to tee off blindfolded to experience the reality of blindness. A much appreciated initiative was the donation of eight sets of clubs by Eugene Vorster, Executive Director : SA Disabled Golf Association, during the evenings prize-giving. A sincere word of thanks to all our sponsors – our main sponsor being Hermitage Financial Services - for their indispensable support

Dr Theo Franken teeing off "blind" on the 9th hole

"Kind words can be short and easy to speak but their echoes are truly endless"

Mother Teresa

Geborg deur Marina Seesout • Sponsored by Marina Sea Salt

ONS GENIET DIT OM BY ONS VRIENDE TE KUIER!

Die DVO se bemarkingsspan het suksesvolle groepoptredes gehou by NG Stellenberg se Senior Klub (Stellenberg), Oude Westhof (Welgemoed), Huis Disa, (Tulbagh) en Huis Groenland (Grabouw). Sonder die lieflike spangees van die personeel en die altyd warme ontvangs van ons donateurs, sou ons nie in staat wees om die dienste van die Instituut doeltreffend te bemark nie. Met elke uitreikaksie kom ons terug met harte van dankbaarheid en die wete dat ons ietsie spesiaal van die blinde en doofblinde persoon en sy leefwêreld in die harte van bejaardes en donateurs agtergelaat het.

Huis Groenland.

Please contact Irene Bod on 023 347 2745 if you would like us to come and visit you or require information regarding a bequest!

'n Donateursbesoek aan Oom Duminy van Riversdal sal lank onthou word. Die oom is 105 jaar oud. Wat 'n sielsverryking om met hierdie oom kontak te maak.

Oom Duminy

NG Stellenberg Senior Klub.

Op die foto verskyn ons gashere vir die aand tydens ons Volmoed Oudtshoorn besoek, Thys en Letithia Du Toit, voor hul pragtige gastehuis – Thylitshia Villa – afgeneem saam met die Instituut vir Blindes groepie. Baie dankie vir die warm ontvangs en groot bederf!

21 JUNIE – NASIONALE BIDDAG VIR BLINDES

Op Sondag 21 Junie 2009 is daar reg oor die land vir blindes gebid en dankoffers opgeneem tbv die Instituut vir Blindes. Verskeie uitnodigings is van gemeentes in die Wes-Kaap ontvang om hul gemeente op die spesifieke Sondag met die oggend-erediens te besoek. Ons verste besoek was aan NGK Volmoed Oudtshoorn gemeente en ander besoeke was aan Merweville, Touwsrivier, Wellington-Noord, Kleinmond, Plumstead, Hopefield en Worcester-Oos gemeentes. Hierdie uitreike was 'n openbaring van naasteliefde en het ons almal net weereens laat besef hoe baie mense vir ons omgee en belangstel in wat ons doen! Ons opregte dank en waardering vir u gebede, dankoffers, uitnodigings en opregte omgee vir ons! Indien u ons wil uitnooi om u gemeente te besoek, kontak Corrie Malan by 023-3472745. Ons wil u graag ontmoet.

"Giving frees us from the familiar territory of our own needs by opening our mind to the unexplained worlds occupied by the needs of others".

Barbara Bush

VISITORS FROM CHICAGO

We receive regular visits from friends and donors and recently had the privilege of introducing three ladies from the USA to our services at the Institute for the Blind. Alisa Seo-Lee, Suzanne Pham and Julie Mathew, all from Chicago in the United States, have been working alongside local health practitioners in the Western Cape to not only alleviate aches and pains in the community, but also creating more awareness about several health issues. They thoroughly enjoyed meeting our visually impaired residents.

Please contact Floris Brown on 0832355364 if you would like to visit us!

Julie Mathew from Chicago "talking" to the deafblind Hennie Randall by spelling out each letter in his hand

Agter vlnr : Lizbé Joubert (Hoërskool Hexvallei), Johan Heÿl, Jasper Steenkamp, Corrie Malan en Irene de Bod (Instituut vir Blindes)
Middel vlnr : Alethia Grobler (Hoërskool Hexvallei) en Sidney Berrington (Pionierskool)
Voor vlnr : Zelmarie Genis en Liandré van Deventer (leerders en onderskeidelik voorsitter en sekretaresse van VCSC Hoërskool Hexvallei)

HOÊRSKOOL HEXVALLEI

Die Instituut was onlangs uitgenooi om tydens 'n saalbyeenkoms van die Hoërskool Hexvallei se VCSV die wêreld van die siggestremde met die leerders te deel. Behalwe 'n sang item deur die siggestremde leerder Sidney Berrington en 'n kort oorsig oor die Instituut deur Johan Heÿl, het die blinde Jasper Steenkamp sy lewensverhaal vertel van hoe hy sy sig in 'n skietongeluk verloor het tot waar hy vandag sy plek volstaan as masjienoperateur in die metaal afdeling van die Instituut. As uitreik projek van die VCSV is 100 klikkie blikkies aan hul oorhandig waardeur hulle fondse gaan insamel vir die Instituut vir Blindes. Baie dankie aan elke leerder wat ons so wonderlik ondersteun!

RAIMONDI'S LIEFDADIGHEIDS GHOLFDAG

Die meelewende gebruik van Raimondi's Wholesales om jaarliks 'n gholfdag ten bate van liefdadigheid te hou is vanjaar op 12 Februarie 2009 met groot sukses aangebied. Die Instituut vir Blindes het R26,000 ontvang – synde ons deel van die opbrengs van die dag. Ons dank aan Bruno Raimondi!

Mr and Mrs Bruno Raimondi with Johan Heÿl (Institute for the Blind)

"We ourselves feel that what we are doing is just a drop in the ocean; but the ocean would be less because of that missing drop"

Mother Teresa

DIE BYBEL OP MP3

Die Bybel is beskikbaar op MP3 vanaf die Bybelgenootskap van SA. Die 1983 vertaling, Nuwe Testament, Spreuke en Psalms is beskikbaar. Die Bybel kan ook op jou selfoon gelaai word en bemoedigende dagstukkies en Bybeltekste kan ook gestuur word! Dit is egter belangrik om kennis te neem dat dit nog nie blindvriendelik is nie omdat selfone met spraak op hierdie stadium onbekostigbaar is. Miskien kan iemand help om hierdie situasie op te los vir blindes?



Die swaksiende Johan Steyn luister aandagtig na die Bybel op MP3

Hennie en Elna Mentz

NUWE SKOOLHOOF AANGESTEL

Op 1 Januarie 2009 is die 8ste Skoolhoof van die Pionierskool vir Gesiggestremdes aangestel. Mnr Hennie Mentz se onderwysloopbaan begin by Laerskool Jan Meyer in Alberton waarna hy aansluit by Prestasieskool in Germiston. Later word hy bevorder tot Adjunkhoof van Deltaparkskool in Randburg en as Hoof van Frances Vorwegskool vir Serebraal en Leergestremde leerders in Johannesburg. Graag verwelkom ons vir mnr en mev Mentz hier in ons midde en wens hulle alle sterkte toe op hierdie wandelpad vol nuwe uitdagings wat hul lewens gekruis het.

EERSTE BRAILLE SA-ATLAS BESKIKBAAR

Die eerste Suid-Afrikaanse Braille-atlas is onlangs bekend gestel en dié eerste vir die kontinent sal eersdaags by skole, organisasies vir blindes en blinde individue, beskikbaar wees. Die atlas sluit 'n weergawe vir siendes in, sowel as 'n CD met 'n klankopname daarvan en die Braille-atlas self. Die Departement van Grondsake het ingestaan vir die koste van die atlas.

Heidi Otterbach, taktiele grafiese ontwerper by die Pionierdrukkery wat die eerste Braille-atlas ontwerp het saam met mnr Schalk Hugo (Bestuurder : Pionierdrukkery)

"Our real problem, then, is not our strength today; it is rather the vital necessity of action today to ensure our strength tomorrow"

Dwight Eisenhower

KENNISGEWINGBORD / NOTICE BOARD

HOEKOM IS ONDERRIG AAN BLINDES SO DUUR?

- 'n Braille-skryfmasjien – vergelykbaar met 'n pen of potlood – kos vir 'n blinde leerder R4,600
- 'n Wiskunde Braille handboek kos ongeveer 10 keer duurder as die gewone gedrukte uitgawe
- 'n Wit kierie om onafhanklike beweging moontlik te maak, kos R180
- Die goedkoopste goeie kwaliteit Braille horlosie kos R600
- Braille papier kos 24c per blad en ongeveer 30 bladsye word weekliks per leerling gebruik
- 'n Jaws rekenaar spraakprogram kos R10,000
- 'n Merlin (lae-visie hulpmiddel) kos R24,000

EASYPAY MAKES GIVING REALLY EASY

If there's one payment facility that lives up to its name, it's EasyPay. That's why we've signed up to the service. Now it couldn't be easier to send your gift to us. All you need to do is pop into your favourite store and at the cashier, ask to make a payment to the Institute. You'll receive a printed receipt as confirmation.

As usual, we will write and thank you for your gift so you can be sure we have received it. This payment method is widely used throughout South Africa and as well as being very convenient, it's safe and secure. There's a long list of stores that offer the EasyPay facility – simply look for the EasyPay sign instore. The most well-known are Pick 'n Pay, Shoprite Checkers, Checkers Hyper, Lewis Stores, Best Electric, Lifestyle Living, Woolworths, Spar, Score and Boxer.

Karen van Wyk en haar vriende sê baie dankie dat hulle op u kan staatmaak!

KAREN VAN WYK TERUGVOER

In ons onlangse donateursbrief het ons vir u genoem van die nuwe inname van kinders by die Pionierskool en die basiese benodigdhede wat ons aan die leerders moet voorsien. Danksy die oorweldigende reaksie van u, ons vriende, is ons bevoorreg om van die nodige lae-visie hulpmiddele, lang wit kieries, Braille papier, Braille tikmasjiene ens aan ons blinde leerders te voorsien.

INSTITUUT VIR BLINDES ALGEMENE JAARVERGADERING

Ons jaarlikse donateursfunksie waar die Instituut medewerkers en belangstellendes inlig oor die afgelope jaar se verrigtinge vind weer op 3 September 2009 plaas. Kontak gerus vir Johan Heÿl (023 347 2745) indien u sou belangstel om hierdie geleentheid by te woon.